UNIVERSITEIT • iYUNIVESITHI • STELLENBOSCH • UNIVERSITY

100

1918 · 2018

Beste Voornemende Nuweling-Matie

**PSO-GEMEENSKAPPE (PRIVAATSTUDENTEORGANISASIES) AAN DIE UNIVERSITEIT STELLENBOSCH**

Baie geluk met jou voorwaardelike aanvaarding vir ’n akademiese program aan die Universiteit Stellenbosch (US). Ons sien daarna uit om jou in 2021 te verwelkom.

Die doel van hierdie brief is om jou meer oor ons PSO-gemeenskappe te vertel. Byna 70% van ingeskrewe studente aan die US maak van privaatverblyf gebruik. Hulle word ingedeel by privaatstudenteorganisasie-(PSO-)gemeenskappe wat omvattende geleenthede bied sodat privaat studente sosiaal en akademies suksesvol op die kampus kan integreer. Die PSO’s is ook geposisioneer om aan studente in privaat verblyf die kans te gee om ’n gesonde en diverse universiteitservaring te hê. Met die oog hierop vorm die kokurrikulêre en buiteklas-ervaring een van die sleutelfokusareas vir studenteontwikkeling aan die US.

**Wat is ’n PSO?**

’n PSO is ’n organisatoriese struktuur om US-studente wat in privaat akkommodasie woon, te ondersteun. Die PSO’s ressorteer onder die Sentrum vir Studentegemeenskappe (SSG) en word bestuur deur verkose studenteleiers in samewerking met die PSO-koördineerders, wat die PSO Kantoor uitmaak.

Elke PSO koördineer die verwelkoming van hulle nuwelingstudente op kampus en bied toegang tot sport-, kultuur- en sosiale aktiwiteit asook geleenthede vir leierskapontwikkeling. Daar word ook aan elke nuweling ’n mentor toegeken wat ’n senior student binne die PSO is. Ons glo dat hierdie ondersteunende struktuur daartoe bydra dat die US gegradueerdes lewer wat as afgeronde burgers tot die samelewing kan toetree.

**Let wel:** PSO’s *verskaf geen verblyf* aan studente nie. As jy nie in ’n Universiteitskoshuis gaan bly nie, moet jy self jou akkommodasie reël.

**Hoe raak ek ’n PSO-lid?**

Alle ingeskrewe studente wat nie koshuisverblyf het nie, kry vanselfsprekend PSO-lidmaatskap. Ledegeld is verpligtend; dit word op jou studenterekening afgetrek tot aan die einde van honneursstudies.

Privaat studente word lukraak by een van die tien PSO’s ingedeel, soos in die US Plasingsbeleid bepaal. Jy mag nie van PSO verander nie; jy bly dus vir die duur van jou studies aan die US by dieselfde PSO ingedeel. Alle PSO’s bied dieselfde gehalte akademiese en sosiale ondersteuning, asook toegang tot fasiliteite wat deur die kluster (’n groep PSO’s) beskikbaar gestel word. PSO- en klusterlidmaatskap stel jou in staat om as ’n Matie aan ’n verskeidenheid aktiwiteite deel te neem. Die akademiese fakulteite verdeel studente in tutoriaalgroepe volgens die kluster waaraan hulle behoort.


Sentrum vir Studentegemeenskappe | Centre for Student Communities
Studentesake | Student Affairs
Privaat Sak | Private Bag X1, Matieland 7602
Tel. +27 (0)21 808 9111 | www.sun.ac.za/studentesake

**PSO-model vir virtuele aanbieding**

Alhoewel Covid-19 ons gedwing het om van kampus weg te beweeg, het die US die geleentheid benut om wolkgemeenskappe verder te ontwikkel. Die resultaat was dat studente toegang tot ’n hele reeks verrykende geleenthede gekry het en sodoende met die kampus en mekaar verbind kon bly. Die PSO’s het hulle funksies gedurende 2020 aangepas om hulle lede virtuele geleenthede te bied wat van akademiese en mentorondersteuning tot sosiale skakeling en akademiesesteun-netwgewissel het.

Die PSO gemeenskap bly studente se toegangspunt tot hulle kampusnetwerk wat verseker dat hulle tyd aan die US ryk aan ontwikkelings- en sosiale geleenthede is, hoewel byeenkomste in fisiese ruimtes vir eers aan bande gelê is. Met sosiale afstand wat die hoofsaak in die “nuwe normaal” is, sal die PSO’s steeds daarna streef om aan te pas en te ontwikkel met die oog daarop om virtuele skakelgeleenthede te bied wat US-studente gedurende hierdie onsekere tyd sal help floreer.

Aangesien die virtuele model in 2020 so geslaagd was en studentedeelname so entoesiasties was, werk ons tans daaraan om die PSO-ervaring in 2021 aan te pas tot ’n vermengde model wat studente, dié wat pendel sowel as dié wat op kampus privaat woon, beter toegang tot ’n ryker kampuservaring sal gee. Sodra jy jou PSO-inligting ontvang het, kan jy met jou PSO kontak maak. Doen dit gerus, want hulle bied ’n groot verskeidenheid virtuele geleenthede vir interaksie wat die pad vir jou verwelkoming en oriëntering in 2021 voorberei.

Jy sal lateraan ’n persoonlike brief kry vanaf die PSO waarby jy ingedeel is met PSO-spesifieke besonderhede oor die verwelkomings- en oriënteringsprogram vir 2021. Die verwelkoming van nuwelingstudente aan die US word beplan om op 3 Maart te begin.

**Verdere inligting**

**Vir meer inligting oor die PSO-struktuur, besoek asseblief www.sun.ac.za/pso.**

Soos ons gesê het, verskaf die PSO Kantoor nie inligting oor privaat akkommodasie nie. Jy is egter baie welkom om die volgende webtuiste te besoek vir hulp daarmee: www.maties.com > akkommodasie > privaatverblyf.

Vriendelike Matie-groete

**DIE PSO KANTOOR**
**pso@sun.ac.za**

Sentrum vir Studentegemeenskappe | Centre for Student Communities
Studentesake | Student Affairs
Privaat Sak | Private Bag X1, Matieland 7602
Tel. +27 (0)21 808 9111 | www.sun.ac.za/studentesake